



5 April 2019

Aan: Dekane  
Visedekane (Onderrig)  
Departementshoofde  
Vorige ontvangers van FINLO  
Sentrum vir Onderrig en Leer Adviseurs

Beste Kollegas

### Uitnodiging om Voorstelle in te dien vir FINLO 2019

Ontvang asseblief hiermee die eerste uitnodiging om voorstelle in te dien vir FINLO 2019. Die uitnodiging word op plakkate in die fakulteite en op die kennisgewingbord op die Universiteit se webblad geadverteer. Vir meer inligting ten opsigte van FINLO en die indien van voorstelle, besoek die Sentrum vir Onderrig en Leer se webblad by <http://www.sun.ac.za/afrikaans/learning-teaching/ctl/t-l-awards-and-grants/firtl>. U aanmoediging vir indiening van voorstelle deur academici in u fakulteit en/of departement sal waardeer word.

Dosente en/of akademiese departemente kan voorstelle indien vir befondsing van navorsings- of innovasieprojekte wat leer en onderrig verryk.

Die riglyne en kriteria vir FINLO is van toepassing. Alle voorstelle moet op die elektroniese FINLO-aansoekvorm gedoen word wat beskikbaar is by <https://goo.gl/forms/bM5hcDxN0SnnPRJg2>. Vir voorstelle om oorweeg te word, moet 'n e-pos vanaf die Departementshoof/Dekaan/Direkteur ter ondersteuning van die voorlegging **voor** die sluitingsdatum op **24 Mei 2019** aan [finlo@sun.ac.za](mailto:finlo@sun.ac.za) gestuur word. Die uitkoms van die keuringsproses sal gedurende Junie 2019 aan die aansoekers gekommunikeer word.

Die volgende verrykingsaktiwiteite word gedurende 2019 vir FINLO-ontvangers aangebied:

1. Skryfgeleentheid gedurende **21-24 Mei 2019** waar potensiële FINLO-aansoekers die geleentheid sal hê om voorleggings te skryf terwyl vorige ontvangers van FINLO die tyd kan gebruik om hulle bevindinge op te skryf vir publikasie.
2. *Writing by Hours* is sessies wat plaasvind op Vrydae vanaf 12:00–16:00 in 'n toegewyde, samewerkende ruimte by die Sentrum vir Onderrig en Leer waar leer- en onderrignavorsers kan skryf vir 'n verskeidenheid doeleindes insluitend voorleggings en publikasie. Stuur asseblief e-pos aan [finlo@sun.ac.za](mailto:finlo@sun.ac.za) indien u op die lys geplaas wil word vir die einde-van-semester datums. Besprekings is noodsaaklik.

Kontak Jean Farmer by [jeanlee@sun.ac.za](mailto:jeanlee@sun.ac.za) of 021 808 2956 vir meer inligting ten opsigte van bogenoemde geleentheid.

U ondersteuning in hierdie verband word hoog op prys gestel.

Met vriendelike groete

Dr Melanie Skead

Director / Direkteur

Sentrum vir Onderrig en Leer / Centre for Teaching and Learning / Iziko Lokufundisa Nlolwazi

e: [mskead@sun.ac.za](mailto:mskead@sun.ac.za) | t: +27 21 808 3751 | a: Manewales, 15 Bosman Street | Bosmanstraat 15

*saam vorentoe · masiye phambili · forward together*



## FONDS VIR INNOVASIE EN NAVORSING IN LEER EN ONDERRIG (FINLO) Riglyne vir aansoek om befondsing: 24 Mei 2019

### Algemene inligting

Enige aangestelde dosent, groep dosente of Sentrum personeel verantwoordelik vir leer en onderrig by die Universiteit Stellenbosch mag 'n projekvoorstel indien vir befondsing.

### Kriteria vir aanvaarding van aansoeke

- Toepaslikheid van die voorgestelde projek
- Voorleggings wat *Innovasie* gemerk is, moet 'n kort evaluering van die projek insluit.
- Voorleggings wat *Navorsing* gemerk is, moet teoretiese raamwerk en navorsingsontwerp insluit, en bevindings/resultate bied sodra die projek voltooi is.
- Verwagte voordeel vir/invloed op leer en onderrig by die Universiteit Stellenbosch
- 'n Gedetailleerde aktiwiteit en 'n belynde begroting
- Name en posbenaming van alle individue betrokke en hoe hulle vergoed sal word, moet verskaf word.
- Projekte mag slegs tot 'n maksimum van 2 rondtes befonds word en bly onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse en verslae ten opsigte van alle vorige projekte wat deur die primêre ondersoeker (PO) ingedien is.

### Neem kennis:

- Aansoekers mag PO wees op slegs een projek per rondte van befondsing.
- Die PO moet 'n permanente US personeellid wees of, indien aan die US gekontrakteer, moet die kontrak ten minste ses maande na afloop van die projek strek.
- Die PO is verantwoordelik om die nodige etiese goedkeuring en/of institusionele toestemming te verkry alvorens met die projek begin word.
- Tweede rondte aansoeke moet agtergrond en resultate voorsien ten opsigte van vorige studies.
- Versoeke vir toerusting moet gemotiveer word en kwotasies insluit. Slegs versoeke wat bewys lewer dat die gevraagde toerusting sentraal tot die sukses van die voorgestelde projek is, sal gedek word. Na afloop van die projek moet toerusting beskikbaar gestel word vir wyer gebruik binne die fakulteit en bestuur word deur die RGA bestuurder.

### FINLO befonds nie:

- Redigering van navorsingsuitsette/referate
- Bywoning, registrasie en reiskoste ten opsigte van konferensies
- Vertaaldienste
- Meesters- of doktorsale studies
- Vergoeding aan die aansoeker vir navorsingswerk onderneem (voltyds aangestelde US-personeel)
- Vergoeding aan die aansoeker of mede-aansoeker vir werk onderneem gedurende gekontrakteerde tyd (kontrakpersoneel)
- Joernaal bladfoie
- Ontwerp van kortkursus d.w.s. kursusse wat derde-stroom inkomste genereer
- Werk wat as 'besigheid-soos-gewoonlik' beskou word
- Terugwerkende aansoeke of gedeeltes daarvan

### Verwagtinge van suksesvolle aansoekers:

- Begin met projek binne 6 maande na toekenning ontvang is.
- Indiening van 'n vorderingsverslag elke ses maande, insluitend 'n kopie van die kostepunt, en 'n finale verslag aan die einde van die projek.
- Terugbetaal van enige onspandeerde fondse na die FINLO kostepunt na afloop van die projek.
- Aanbieding van die bevindinge van die navorsings- of innovasieprojek by die jaarlikse Akademieskap van Onderrig en Leer Konferensie.
- Publikasie van die finale verslag op die FINLO-webtuiste.
- Verskaf afskrifte van alle projekverwante publikasies aan die FINLO-administrateur.

**Vrae met betrekking tot FINLO mag gerig word aan die SOL adviseur in u fakulteit of enige van die komiteelede:**

- Dr Melanie Skead, Direkteur: Sentrum vir Onderrig en Leer, [mskead@sun.ac.za](mailto:mskead@sun.ac.za)
- Dr Nicoline Herman, Adjunkdirekteur: Sentrum vir Onderrig en Leer, [nherman@sun.ac.za](mailto:nherman@sun.ac.za)
- Dr Faaiz Gierdien, Kurrikulumstudies, Fakulteit Opvoedkunde, [faaiz@sun.ac.za](mailto:faaiz@sun.ac.za)
- Dr Taryn Bernard, Lettere en Sosiale Wetenskappe, [tbernard@sun.ac.za](mailto:tbernard@sun.ac.za)
- Prof Susan van Schalkwyk, Direkteur: Sentrum vir Gesondheidsberoepe Onderwys, Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, [scvs@sun.ac.za](mailto:scvs@sun.ac.za)
- Dr Margaret Blackie, Chemie en Polimeerwetenskap, Fakulteit Natuurwetenskappe, [mblackie@sun.ac.za](mailto:mblackie@sun.ac.za)
- Dr JP Bosman, Hoof: Sentrum vir Leertegnologieë, [jpbosman@sun.ac.za](mailto:jpbosman@sun.ac.za)
- Prof Ashraf Kagee, Sielkunde, Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, [skagee@sun.ac.za](mailto:skagee@sun.ac.za)
- Me Jean Farmer, Adviseur: Sentrum vir Onderrig en Leer, [jeanlee@sun.ac.za](mailto:jeanlee@sun.ac.za)